

**17 Augustus**

**Markus 6:45-51**

***God help op die regte tyd***

Hierdie geskiedenis praat met ons in baie duidelike taal. Ons durf nie op moedverloor-se- vlakke gaan lê nie. Die dissipels is besig om Jesus se opdrag uit te voer en na die oorkant van die see te vaar na Betsaida toe. Hulle is gehoorsaam aan God se opdrag. En as die wind die nag opkom en reg teen hulle waai, dan vat hulle daardie roeispane net vaster en trek hulle dit al voel dit of hulle rûe wil breek. Maar hulle bly beur teen die wind en die golwe in. Hulle gee nie bes en draai om en vaar terug saam met die wind teen Christus se opdrag in nie. Hulle bly gehoorsaam al gaan dit hoe swaar.

Ons is ook besig om oor die lewensee te vaar na die oorkant toe. Terwyl ons oorvaar ondervind ons ook dikwels dat die wind teen ons opgekom het. Storms word al sterker om ons en die aanslae van die duiwel word al erger teen die kinders van God. Soms voel dit of ons maar moet oorgee en saam met die stroom vaar op die pad van die minste weerstand. Nee, dit mag ons nie, want ons is geroep om die goeie stryd te bly stry. Die Here Jesus leer ons dat die pad is smal en die poort is nou wat na die lewe lei.

As die dissipels in die middel van die see is, daar waar die land op sy verste is en die see op sy diepste is en die moontlikheid van uitkoms onmoontlik skyn te wees, dan kom Jesus na hulle toe al wandelende op die see. Maar Hy kom omdat hulle gehoorsaam gebly het. En as Hy by hulle in die skuit klim gaan die wind lê en hulle was verbaas en verwonderd. Vir die gehoorsame kinders van God is God 'n heerlike werklikheid en geen onwerklike en skrikwekkende spook nie.

Mag God u beskutting wees in die dag van stryd en u veilig laat vaar.

Sing: Psalm 33:11

Ds. A.H. Mulder (Pretoria)